



26 NOVEMBER 2017

09:00 Erediens

Peet Crous

Enkele gedagtes oor die huwelik

18:00 Kerssangdiens



NUUS WAT DIE WÊRELD OP SY
KOP GEDRAAI HET

26 NOV | 18:00

KERSSANGDIENS 2017 LYNNWOOD GEMEENTE

Advent 1



3 DESEMBER 2017

09:00 Kerssangdiens

Eric Scholtz

18:00 Aanddiens – Koinonia

Immanuel van Tonder

Kersfees@Ubuhle-kleuterskool-projek

Baie dankie aan almal vir al die pragtige Kersgeskenpakkies wat ons *Ubuhle* toe kon neem – ons waardeer die ondersteuning! Kyk gerus na die foto's op die webblad by www.nglynnwood.co.za.

Baie dankie aan almal wat bygedra of deel gehad het aan die groot sukses van ons gemeente se verjaansdag en Potjiekos, asook die Kersfees-aandmerk. U meelewing word opreg waardeer!

KERSLIEDERE BY KERSLIG@WESKOPPIES

Ons woon oudergewoonte weer die spesiale geleentheid by. Dié diens vind Woensdag, 29 November om 18:00 in Weskoppies se grootsaal plaas. Almal vertrek om 17:00 vanaf die gemeente en sal weer om 20:15 terug wees. Oud en jonk welkom. Trek asseblief groen-, rooi- of witklere aan. RSVP asseblief by Liani 079 506 4078. Ons wil graag die pasiënte bederf met 'n pakkie skyfies (*crisp*) en 'n blikkie Coke. Ons benodig 240 van elk. Indien u bereid is om te help, skakel asseblief vir Fay 083 478 0854 of Liani 079 506 4078.

SENIOR LIDMATE

Ons kuiergeleentheid vir senior lidmate vind vanjaar op Donderdag, 30 November 2017 vanaf 12:00 plaas. Indien jy die geleentheid gaan bywoon, plaas asseblief jou naam op 'n naamlys by die info-toonbank na die erediens, of skakel die kerkkantoor gedurende kantoorure. Daar is slegs plek vir 90 mense! Die bywoning is gratis, maar jy kan by die kuiergeleentheid 'n donasie gee.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.
Donderdag:	Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord). Senior Lidmaat Kuiergeleentheid 12:00 (Koinonia)
Vrydag:	Bybelstudie 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bewys van Lidmaatskap:

Susan van der Merwe, Lynnwood Oord 88, The Hillside 315, Lynnwood, 082 357 9512.
Carel en Dina Haupt, Lynnwood Oord 65, The Hillside 315, Lynnwood, 073 221 2150.

Jakaranda Liggiesfees:

Baie dankie aan almal vir die talle skenkings wat reeds ontvang is! Daar is nog 'n behoefte vir **cappuccino-pakkies gewoon/onversoet of Decaf, hot chocolate en langlewemelk**. Die houer sal weer vandag en die 3^{de} Desember in die portaal beskikbaar wees vir skenkings of bring dit na die kerkkantoor gedurende die week. Nogmaals baie dankie vir die ondersteuning, julle meelewing is vir ons 'n inspirasie om vanjaar se liggiesfees baie spesiaal te maak. Kontak gerus vir Anneke Doms 082 376 2604.

Oop vir die Oomblik:

'n Jaarkursus in 'n lewe van volbewuste teenwoordigheid, *aangebied deur die Sentrum vir Spiritualiteit o.l.v. dr. Willem Nicol en ds. Immanuel van Tonder*. Die kursus bestaan daaruit dat jy in 'n groot mate uit jou eie ervaring leer, ook tuis met huiswerk wat ons gee. Die kursus word op Donderdagaande aangebied, een keer per maand: 15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November, plus een Saterdagoggend 24 Februarie. Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn. Finansiële ondersteuning beskikbaar. Navrae: Immanuel van Tonder 083 540 6015, immanuelvt@gmail.com of Willem Nicol 083 966 7831, wnicol@mweb.co.za.

CMR Liggies:

Die CMR loods ook 'n projek met die tema: Laat daar lig wees – 'n teken sinoniem met HOOP. Met Kersfees om die draai is die CMR-span ook besig om Kersewense te laat word – raak asseblief hierby betrokke en bring so saam met hulle HOOP en LIG. Belangstellendes kan gerus vir Anja le Cornu 012 460 9272 (x2) skakel. **Kyk gerus na hulle mooi banier en liggies by die Sussexlaan ingang.**

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*).



Snap here to pay

 SnapScan

Kontak van die week: Sondag van Christus die Koning

Komende Sondag, 26 November, staan in die kerklike jaar bekend as Sondag van Christus die Koning. Dit is die laaste Sondag op die kerklike kalender. Die Sondag daarna vier ons die eerste Adventsondag, die eerste Sondag van die nuwe kerklike jaar. Daar sit 'n interessante geskiedenis agter die ontstaan van Sondag van Christus die Koning.

Hierdie Sondag is in 1925 deur pous Pius XI by die Rooms Katolieke kerklike kalender gevoeg. Waar dit aanvanklik op die laaste Sondag van Oktober gevier is, is dit in 1970 na die laaste Sondag in November geskuif. Dit is in 1994 ook in die *Revised Common Lectionary* wat in die Protestantse wêreld gebruik word, opgeneem. Daar word twee redes gegee vir waarom pous Pius XI hierdie Sondag ingestel het: groeiende sekularisasie en 'n "politieke" rede. Sekularisasie verwys na prosesse in die samelewing waardeur God se seggenskap oor ons lewe verminder word. (Ja, in 1925 was die pous al hieroor bekommerd!) Die "politieke" rede het 'n lang aanloop gehad.

Die Koninkryk van Italië het in 1861 ontstaan. Viktor Immanuel II is as koning aangewys. Dit het tot 'n magstryd tussen die pous, toe Pius IX, en Viktor Immanuel II gelei. Die pous het geweier om die pouslike state, groot stukke grondgebied in Italië wat aan die kerk behoort het, aan die staat af te staan en onder beheer van die staat te stel. Die staat het uiteindelik op die grond beslag gelê. Die spanning is eers in 1929 opgelos met 'n verdrag wat die pous beheer oor die Vatikaanstaat en aan die regering beheer oor die res van Italië gegee het.

Hoekom was dit 'n strydpunt waarby die pous hom ingelaat het? Hieragter sit (ook) 'n stuk teologie. Christus is nie net Koning oor die kerk nie, maar oor alles, ook oor al die aardse koninkryke. Die pous is sy spesiale verteenwoordiger op aarde. Dit beteken die pous is nie net hoof van die kerk nie, maar hy moet ook (ten minste op 'n simboliese manier) uitdrukking gee aan Christus se wêreldwye Koningskap. Daarvoor het hy 'n stuk grondgebied nodig waaroor hy regeer. (Daarom is die Vatikaan vandag nog 'n staat en nie net 'n stad nie!) As daar dus soos na 1861 aan die pous se grond gevat word, word dit 'n geloofsaak!

As ek die ontstaan van Sondag van Christus die Koning binne hierdie geskiedenis lees, kan ek nie anders as om te voel dat die pous vir oulaas 'n hou wou inkry teen sy opponente nie. So asof hy wou sê: Julle kan die meeste van my grond vat, maar Christus bly steeds Koning!

As Protestante staan ons buite hierdie stryd, maar kan ons tog ook hierdie belydenis uitspreek en daarom is hierdie Sondag van Christus die Koning ook in ons kerklike kalender opgeneem. Christus is Koning! Oor alles en almal. Aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde gegee (Matteus 28:18). Hy moet en mag op grond van wie Hy is en wat Hy gedoen het oor ons verstand, wil en hart regeer. Dit sê ons vir mekaar aan die einde van die kerklike jaar, en net voor Adventstyd wat ons begin wag op die koms van die Koning.

Groete

Eric Scholtz

(Namens die predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za



Gemeenskap

re#iMagine Matriekfees Heroldsbaai vir skoolverlaters vanaf 29 Nov. – 6 Des. Koste R1000 pp.

Navrae: albetheunissen@gmail.com, www.facebook.com/matriekfees of skakel 082 928 3561.

Kaap Kersfees-toer: Stellenbosch, Kaapstad en omliggende dele - 23 Des tot 4 Jan (13 dae)

Luukse busvervoer; akkommodasie in Stellenbosch; ontbyt en aandete; alle toegangsgelde ingesluit. Interessante besoekpunte – Navrae: Elzette 012 546 0770 / 012 565 4883 / 082 761 7115 of info@minnaartoere.co.za of www.minnaartoere.co.za.

Ruim 3 slaapkamer huis te huur in Waterkloof: 2 bad-, hoofslaap- (en suite), TV-, sit-, eetkamer en kombuis met opwas en spens. Pypsteel eiedom met swembad. Beskikbaar 1 Januarie 2018. Kontak Yvette 083 452 4368.

Verblyf beskikbaar vir 'n dame: Kamer met badkamer, wasmasjien, kombuis. Gerieflik naby alles (Faerie Glen hospitaal-omgewing). Koste: R3 500 pm. Navrae: Riana 072 295 1522.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of

SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

